***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (09/23)***
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 3 Maart 2023*

Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA
*Grower levies working for you!*

***"Once you bid farewell to high standards and discipline you say goodbye to success" Sir Alex Ferguson***

**JANNIE SPANGENBERG**

Dit was met groot hartseer dat ons die afgelope week verneem het van Jannie Spangenberg se heengaan – aan Santa en die familie ons innige meegevoel en ondersteuning van die hele Suider-Afrika se sitrusfamilie. Jannie het van 2012 tot 2016 as Direkteur op die CGA-direksie gedien. Hy het die Noord-Kaapstreek verteenwoordig en sal onthou word vir sy "no-nonsense" benadering en sy wonderlike sin vir humor. Na 'n paar moeilike debatte het Jannie opgestaan en in sy pragtige Noord-Kaapse aksent die kwessie opgesom en goed geartikuleerde oplossings gegee.

Die Noord-Kaap is welbekend vir die streek se gasvryheid – en Jannie het die warmte en omgee van die streek versinnebeeld. Een onthou is toe Jannie die oggend voordat ons sou terugvlieg Durban toe, die CGA-roadshow-span na sy boot op die Oranjerivier genooi het. Om 09h00 het hy die Jägermeister uit en heildronke op almal en alles gedrink. Dit is gevolg deur 'n dolle vaart na Upington-lughawe en 'n "sobering" vlug terug huis toe.

Jannie sal baie gemis word.

**SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)**

'n Herinnering aan alle Suider-Afrika CMF-lede dat die eerste vergadering (virtueel) vanaf 10h00 tot 12h00 op Dinsdag, 7 Maart 2023, gehou sal word. Lede kan die skakel by Portia portia@cga.co.za kry.

Die belangrikste agendapunte is die oesvoorspellings vir 2023, 'n markvooruitsig vir die jaar en regulatoriese riglyne van DALRRD en PPECB.

**CGA SITRUS SUMMIT – UITVERKOOP**

Die afgelope paar jaar was ons uitgehonger vir kontak met ons kollegas, aangesien virtuele vergaderings die norm geword het. Met meer persoonlike geleenthede wat begin, is daar 'n duidelike aptyt om weer te ontmoet en te skakel. Dit is baie duidelik in die sitrusbedryf aangesien die Summit se registrasies nou die lokaal se kapasiteit bereik het. As sodanig is registrasies nou gesluit, en kan ons die finale afrondings doen aan wat 'n GROOT geleentheid gaan wees.

Indien jy nie geregistreer het nie, en dit wil bywoon, kontak asseblief vir Tanya tanya@cga.co.za en jy sal op 'n waglys geplaas word ingeval daar enige kansellasies is.

Paul Hardman dui aan dat daar 'n paar geleenthede vir die pre-summit toere ontstaan het – kontak asseblief vir Shelly, shelly@cga.co.za, indien jy sou belangstel.

**OPEENVOLGENDE KRAGONDERBREKINGS**

Opeenvolgende kragonderbrekings raak alle Suid-Afrikaners, met besighede wat erg geraak is omdat hulle probeer om so goed moontlik aan te hou werk. Daar is al baie geskryf oor die impak op die landbousektor, veral die impak op besproeiingslandbou en bederfbare produkte wat vir uitvoer verbou word. Minister Didiza het 'n taakspan saamgestel om die sektor te help om op hierdie krisis te reageer. AGBIZ speel 'n leidende rol in hierdie taakspan en die CGA help om kwessies uit die sitrussektor te opper. Wanneer hulle op 14 Maart 2023 vergader, sal die CGA-raad die sameroeping van 'n Energiekrisisreaksiekomitee oorweeg om risiko's te identifiseer, die risiko's te evalueer in terme van impak en waarskynlikheid om voor te kom - en 'n reaksie-aksieplan saam te stel.

